

## 8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Artt 2, 5)

- A. Die voorsitter, ds SD Snyman stel die rapport aan die orde.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. **Besluit:** Met dank kennis geneem van die rapport waarop die voorsitter 'n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir die ontvangs en laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee vir die toepaslike opening van die vergadering.

### D. RAPPORT

Die Roepende Kerkraad rapporteer soos volg oor die oproep en ontvangs van die Nasionale Sinode 2012.

#### 1. Oproep

Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (Februarie 2011) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Streeksinodes gestuur is.

#### 2. Kredensiebriewe

Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

#### 3. Huisvesting

Die Universiteitskoshuis, Dennepark, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Etereëlings sal in die Aanvullende Rapport bekendgemaak word. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel.

Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuise gebruik maak van Dinsdag 3 Januarie tot Vrydag 13 Januarie 2012.

#### 4. Verversings

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

#### 5. Godsdiensoefening

In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (4 Januarie 2012) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord saamkom. Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Noord.

#### 6. Sittingstye

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae: 08:00 – 10:30 (Teepouse)

10:45 – 12:45

14:30 – 16:00 (Teepouse)

16:15 – 17:45

19:00 – 21:00

Saterdag: 08:00 – 10:30

10:45 – 12:45

#### 7. Verwelkoming

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

#### **E. AANVULLENDE RAPPORT**

Die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Noord/Noordbrug rapporteer aanvullend oor die ontvangs en deputering na die Algemene Sinode 2012.

#### **Kredensiebriewe**

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Streeksinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

**Besluit: Met dank kennis geneem van die rapport waarop die voorsitter 'n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir die ontvangs en laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee vir die toepaslike opening van die vergadering.**